View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Resensies / Reviews

**OLIVIER, J.P.J. 1996. Armoede in die Heilige land volgens die negentiende-eeuse reisberigte (met spesifieke verwysing na die el-Kerak-plato).**
Universiteit van Stellenbosch Annale 1996/1. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. 28 p. Prys: R8,00.
ISBN 0 7972 0626 4.

**Resensent:** *H.F. van Rooy*
(Departement Ou en Nuwe Testament, PU vir CHO)

Hierdie werk is wel van beperkte omvang, maar bied 'n goeie beeld van die navorsing waarmee Hannes Olivier hom die afgelope aantal jare besig gehou het. Die werk is om twee redes besonder belangrik. Die een rede is dat armoede wêreldwyd besondere aandag ontvang en dat hierdie werk insig bied op armoede in 'n onderontwikkelde gebied. Die tweede rede is dat Olivier aantoon dat die leefwyse in die gebied waaroor sy ondersoek gehandel het, ooreenkomste toon met die leefwyse in die tyd van die Bybel en sodoende met behulp van sosiologiese modelle nuwe insigte bied in die leefwyse van die Israeliete in die tyd van die Ou Testament.

Die gebied waaroor die ondersoek handel, is in die teenswoordige Jordanië, op 'n hoë en ontoeganklike plato oos van die Dooie See. Die bronmateriaal is 'n groot aantal reisbeskrywings uit die vorige eeu. Die betrokke materiaal is nie maklik bekombaar nie, sodat Olivier 'n bruikbare bydrae maak om ontoeganklike literatuur in 'n verwerkte vorm beskikbaar te stel.

Die werk begin met 'n deeglike metodologiese besinning, iets wat vir studies met 'n sosiologiese strekking soos hierdie onontbeerlik is. As gevolg van die besinning word die werk op 'n logiese en oortuigende wyse aangebied. Hierdie inleidende gedeelte word opgevolg met 'n afdeling waarin die sosiale, ekonomiese en politieke bestel van die negentiende eeu in die Nabye Ooste aan die orde kom. Dit is belangrike materiaal vir die verstaan van die oorsake en voorkoms van armoede in die betrokke gebied. In die bestudering van armoede in die betrokke gebied word vergelykend te werk gegaan. Die omstandighede van die inwoners van die streek in verskillende periodes word bestudeer in die lig van sosiale en politieke omstandighede. Verder word verskillende vlakke van armoede onderskei. 'n Belangrike bydrae wat die werk maak, is die bevinding dat die skerp skeiding wat tussen gevestigde en nomadiese gemeenskappe gemaak word, onhoudbaar is. Mense het as gevolg van omstandighede makliker van die een bestaansvorm na die ander verskuif as wat gewoonlik gedink word.

Die invloed van die beleid van regerings waarvan die setel ver van die el-Kerak-plato geleë was, word oortuigend aangetoon.

Die feit dat Olivier 'n groot hoeveelheid materiaal tot sy beskikking gehad het en 'n werk van beperkte omvang geskryf het, veroorsaak dat die leser soms na meer inligting en meer voorbeelde vra as wat aangebied word. Dieselfde leemte kom na vore met die poging om op grond van hierdie studie enkele opmerkings oor armoede en ontwikkeling in Suid-Afrika te maak. Die verbinding kom oppervlakkig voor. 'n Meer indringende bespreking van die aangeleentheid sou die indruk vermy dat die saak bloot ter wille van 'n skyn van relevansie aangeraak word.

Hierdie werk word van harte aanbeveel vir almal wat 'n belangstelling in die Bybel, die Ou Nabye Ooste en armoede het. Daar word met verwagting uitgesien na 'n werk van veel groter omvang oor die betrokke onderwerp.